



04 Oktober 2021

The Project Manager  
Environmental Impact Management Services  
PO Box2083  
Pinegowie 2123

Waarde heer,

Met verwysing na die impakstudie wat u op Kleinsee op 21 September 2021 aangaande die aansoek van Tosaco Energie om vir olie en gas in blok een net buit Kleinsee temag boor wens ons die volgende kommentaar te lewer.

Dat ons nie tevrede is met die proses soos wat dit afgeloop het nie veral in die sin dat daar nie genoegsaam mense of organisasies van mense by die proses teenwoordig was nie;

Dat die proses behalwe vir waar dit in Afrikaans vertaal was nie juis toeganklik vir ons mense was nie as gevolg van die taal (Engels) en ook die gebruik van tegniese uitdrukkings en omslagtige en vervelende uitdrukkings;

Dat dit in ons opinie nie sou voldoen aan die verwagtinge van NEMA nie waar dit sou verwag dat die betrokke gemeenskappe deeglik ingelig sou wees totdat hulle die proses ten volle verstaan het.

Ons verwys spesifiek na ons versoek dat fondse beskikbaar gestel sou word om mense, wie 'n direkte belang by die oseaan ekonomie het en wie in afgeleë gemeenskappe woon, na die gesprekke te bring.

Ons verwys ook na ons spesifieke versoek dat die spesialiste wie die impakverslae opgestel het met die plaaslike kennis en wedervaring sou interaksie het om die inhoud van ons gemeenskappe ook in berekening te kon bring. Dit het nie plaasgevind nie.

Die aanbieding het ons ook nie oortuig dat die proses om te prospekter nie 'n negatiewe impak op die visbedryf van die streek gaan het nie;

Nog minder het dit ons oortuig dat die seelewe aan ons kus nie nadelig beïnvloed word nie.

Ons is ook bekommerd oor die impak wat die prospektering en die uiteindelijke boorproses op die beskermde areas rondom die blok een gaan he.

Ons is veral bekommerd dat hierdie 'n ekonomiese anneksasie gaan wees wat ons mense gaan uitsluit veral omdat daar nêrens in die verslag voorsiening gemaak word vir alternatiewe geleenthede vir die plaaslike inwoners nie.

Ons betreur ook die feit dat die verslag nie aandeelhouing vir die plaaslike inwoners in die vooruitsig stel nie.

Ons verwerp dus die aansoek en vertrou dat die regering nie aansoek sal toestaan nie

Agtend

Andy W Pienaar

0621026006 andypienaar9@gmail.com